


# MYNuusblad

Junie 2025

## Vlagskip PCZM verwelkom die Minister van Minerale en Petroleum Bronne

**Orion Minerals het onlangs die Minister van Minerale en Petroleum Bronne, Gwede Mantashe, op 30 Mei by die Prieska Copper Zinc Mine (PCZM) verwelkom.**

Hy is vergesel deur ’n span amptenare van die Departement van Minerale en Petroleum Bronne (DMPR) en die Edele Distrik- en Plaaslike Burgemeesters. Ander genooide gaste het verteenwoordigers van die Orion Siyathemba Belangegroep Forum (OSSEF), die Eerbare Spreker Giel MacDonald, Wilson Bosman en Cecil Skeffers, asook voormalige werknemers van die historiese Prieska Kopermyn (PCM) – Simon Nkompela, William Ludidi, en Ernest Nelani ingesluit. Simon, William en Ernest was kollegas van Minister Mantashe toe hy van 1975 tot 1983 by PCM in diens was.

Hierdie spesiale besoek beklemtoon Orion se toewyding aan deursigtigheid, samewerking en gemeenskapsbetrokkenheid, terwyl ons die ontwikkeling van ons vlagskip myn wat die toekoms van die Noord-Kaap vir toekomstige geslagte sal vorm bevorder.

Die teenwoordigheid van die voormalige werknemers van Prieska Kopermyn het almal teenwoordig herinner aan die sterk historiese nalatenskap waarop PCZM gebou word. Hulle stories het die belangrike rol wat die myn in die streek gespeel het beklemtoon en die belangrikheid daarvan herbevestig om ‘n sterk vennootskap met die gemeenskap te bou en langtermyn voordele aan alle belanghebbendes te bied.

Minister Mantashe het hulde gebring aan die bydraes van hierdie vorige werkers en sy steun uitgespreek vir Orion se planne om die myn te herleef op ‘n manier wat werklike voordele vir die omliggende gemeenskappe inhou. Hy het ’n gedenkplaat by die myn se skag onthul ter herdenking aan sy tydperk as ‘n Welsynsbeampte by PCM.






Orion is gefokus op die ontwikkeling van sy hoë gehalte-bate met 'n lang lewensduur, waar die DMPR se besoek 'n geleentheid gebied het vir Orion om sy toewyding tot die ontwikkeling van die plaaslike ekonomie in lyn met die gasheer gemeenskap se aspirasie doelwitte vir PCZM te beklemtoon.

Tydens die besoek, wat 'n toer van die ondergrondse werke en die oppervlak ontwaterings infrastruktuur ingesluit het, het die afvaardiging die vordering en ontwikkeling van PCZM bespreek en die werk wat gedoen word om omgewings volhoubaarheid en infrastruktuur opgraderings in vennootskap met die plaaslike regering te handhaaf.

As deel van ons voortdurende betrokkenheid, sal Orion voortgaan om gereelde besoeke, inligting sessies en samewerkende vergaderings met gemeenskaps belanghebbendes aan te bied. Ons is trots om hierdie reis met die volle ondersteuning van ons belanghebbendes te lei, en ons bly toegewyd om te verseker dat die groei van die myn, groei vir almal beteken.



## Voortgesette konstruktiewe betrokkenheid met die gemeenskap

**Orion Minerals het onlangs verskeie belangrike sessies vir belanghebbendes gehou wat gefokus was op opdatering na die vrystelling van die Definitiewe Uitvoerbaarheidstudie van PCZM, die implikasies daarvan vir Siyathemba en Vanwyksvlei (VWV), asook om die vordering in menslike hulpbronne en verkryging te deel. Dit sluit vergaderings met die OSSEF en die Siyathemba Plaaslike Munisipaliteit in (hieronder afgebeeld).**

Na aanleiding van hierdie geleenthede, het die OSSEF gemeenskaps verteenwoordigers gedurende Mei publieke terugvoer sessies in Siyathemba en Vanwyksvlei aangebied. Hierdie sessies het gemeenskapslede die geleentheid gegee om direk met hul verteenwoordigers in te skakel en enige vrae in die teenwoordigheid van senior PCZM-bestuur te stel. Orion en die gemeenskapsverteenwoordigers wil graag alle inwoners wat deelgeneem en bygedra het bedank vir hierdie betekenisvolle geleenthede.



## PCZM Kommunikasie bokse

**PCZM-kommunikasie bokse is by plaaslike biblioteke geplaas om kommunikasie met gemeenskappe te versterk. Hierdie bokse stel inwoners in staat om vrae, terugvoer of bekommernisse in te dien aan Orion Bestuur.**

**Liggings:**

- Elizabeth Vermeulen Openbare Biblioteek
- Alpha Biblioteek
- Marydale Biblioteek
- Niekerkshoop Biblioteek
- Vanwyksvlei Biblioteek

Terwyl ons saamwerk om 'n verantwoordelike en inklusiewe toekoms te vorm, maak asseblief gebruik van hierdie kommunikasie bokse om te verseker dat u stem gehoor word.